

**14 Oktober**

**Psalm 32**

***'n Herstelde verhouding met die Here bring ware geluk***

Wat maak jou gelukkig? Is dit wanneer jy op stoflike gebied alles het wat jou hart begeer, of is dit wanneer mense jou goed behandel? As dit al is wat jou gelukkig maak, sal jy voortdurend soek na nuwe en beter dinge en groter eise stel aan mense om jou gelukkig te maak. Dit is soos 'n seepbel wat jy jaag, maar as jy daaraan raak bars dit. Jy hunker na dinge en as jy dit kry, kom jy agter dit maak jou nie werklik gelukkig nie.

Dawid sê in Psalm 32 jy is baie gelukkig wanneer jou verhouding met die Here herstel is. Dawid het alles gehad wat sy hart begeer en tog was hy 'n diep ongelukkige mens. Sy sonde en skuld het afstand gebring tussen hom en die Here, omdat hy daarvoor geswyg het.

Die keerpunt in sy lewe, wat vir hom bevryding gebring het, was toe hy sy sonde opreg en met berou voor die Here bely het. Op hierdie skuldbelydenis volg dan ook sy belydenis van sekerheid dat die Here sy skuld vergewe het.

Alleen in 'n herstelde verhouding met die Here is ware en blywende geluk moontlik. Hy het reeds sy Seun gestuur om jou verhouding met Hom te herstel. Hy het al jou skuld op Hom geneem en dit ten volle betaal. Gaan daarom met vrymoedigheid na Hom toe en bely jou skuld eerlik en opreg voor Hom. Aanvaar sy vergiffenis. Dit bring verligting en bevryding en ook vrede en geluk in jou hart.

Sing: Psalm 32:1, 6

Ds. C. Krüger (Nelspruit)